## SCHEDULE

1. THE BUILDING KNOWN AS KING'S HOUSE AND THE PROPERTY ON WHICH IT IS SITUATED, IN EASTBOURNE ROAD, DURBAN

*Description*

The building known as King's House and the erf on which it is situated, being Erf 625, in the Township of Durban, in extent 5,4328 (five comma four three two eight) hectares, also described as "Lot MR Block D in the Town Lands of the Borough of Durban, Colony of Natal, in extent 13 Acres, 1 Rood 27.96 Perches".

Deed of Transfer T1940/1904, dated 16 August 1904.

2. THE OLD MUNICIPAL MARKET BUILDING, AT 4 ZEILER STREET, QUEENSTOWN

*Description*

The Old Municipal Market Building, situated on Erf 7475, Queenstown, in the Municipality and Administrative District of Queenstown.

Certificate of Consolidated Title T61892/1989, dated 30 October 1989.

3. THE CHURCH AND MANSE OF THE MGWALI MISSION STATION, STUTTERHEIM DISTRICT

*Description*

The church and manse of the Mgwali Mission Station, situated on a portion of Erf 142, in the Mgwali Mission Station, District of Stutterheim, also described as "certain piece of freehold land, being Building Lot No. 142, situated in the Mgwali Mission Station, in the Division of Stutterheim".

Deed of Transfer T107/1944, dated 14 February 1944.

4. THE BEZUIDENHOUT FARMSTEAD AND THE JONKERSHUIS, IN BEZUIDENHOUT PARK, DE WETSHOF, JOHANNESBURG

*Description*

The Bezuidenhout homestead and the Jonkershuis in Bezuidenhout Park, with the surrounding land as indicated by the figure A B C D E F on the City Council's drawing No. 33/P/150/A17, dated November 1987 and filed on File 9/2/228/42 in the office of the National Monuments Council at Cape Town, situated on Erf 144, De Wetshof, in the Town and Municipality of Johannesburg, also described as "certain remaining extent of Portion 'N' of Portion 'Z' of the farm Doornfontein No. 24, situated in the District of Johannesburg".

Deed of Transfer T6389/1944, dated 10 March 1944.

**B. S. NGUBANE,**

Minister of Arts, Culture, Science and Technology.

## BYLAE

1. DIE GEBOU BEKEND AS KING'S HOUSE EN DIE EIENDOM WAAROP DIT GELEË IS, IN EASTBOURNEWEG, DURBAN

*Beskrywing*

Die gebou bekend as King's House en die erf waarop dit geleë is, synde Erf 625, in die Township of Durban, en groot 5,4328 (vyf komma vier drie twee agt) hektaar, ook beskryf as "Lot MR Block D in the Town Lands of the Borough of Durban, Colony of Natal, in extent 13 Acres, 1 Rood 27.96 Perches".

Transportakte T1940/1904, gedateer 16 Augustus 1904.

2. DIE OU MUNISIPALE MARKGEBOU, TE ZEILERSTRAAT 4, QUEENSTOWN

*Beskrywing*

Die Ou Munisipale Markgebou, geleë op Erf 7475, Queenstown, in die munisipaliteit en administratiewe distrik Queenstown.

Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel T61892/1989, gedateer 30 Oktober 1989.

3. DIE KERK EN PASTORIE VAN DIE MGWALI SENDINGSTASIE, DISTRIK STUTTERHEIM

*Beskrywing*

Die kerk en pastorie van die Mgwali Sendingstasie, geleë op 'n gedeelte van Erf 142 in die Mgwali Sendingstasie, distrik Stutterheim, ook beskryf as "certain piece of freehold land, being Building Lot No. 142, situated in the Mgwali Mission Station, in the Division of Stutterheim".

Transportakte T107/1944, gedateer 14 Februarie 1944.

4. DIE BEZUIDENHOUT PLAASOPSTAL EN DIE JONKERSHUIS, IN BEZUIDENHOUTPARK, DE WETSHOF, JOHANNESBURG

*Beskrywing*

Die Bezuidenhout plaasopstal en die Jonkershuis in Bezuidenhoutpark, met die grond daaromheen soos aangedui deur die figuur A B C D E F op 'n plan van die Stadsraad, No. 33/P/150/A17, gedateer November 1987 en geliasseer op lêer 9/2/228/42 in die Kantoor van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede te Kaapstad, geleë op Erf 144, De Wetshof, in die stad en munisipaliteit Johannesburg, ook beskryf as "certain remaining extent of Portion 'N' of Portion 'Z' of the farm Doornfontein No. 24, situated in the District of Johannesburg".

Transportakte T6389/1944, gedateer 10 Maart 1944.

**B. S. NGUBANE,**

Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.